UIT DIE PEN VAN DIE CEO (26/23)
(Volg my op Twitter justchad_cga)
Justin Chadwick 30 Junie 2023

"Regret for the things we did can be tempered by time; it is regret for the things we did not do that is inconsolable" Sidney J Harris

ORANGE HEART VRUGTE DONASIES

Soos wat ons die hart van die seisoen nader, versoek die CGA dat diegene met oorskot vrugte vir hul bemarkingsprogramme, dit sal oorweeg om daardie vrugte aan die minder bevoorregtes te skenk – die logistieke reëlings sal deur die CGA gemaak word. Deur die *Orange Heart Fruit Drive* is daar reeds ses-en-veertig ton vrugte geskenk. Ons is ook bewus van ander wat elders geskenk het en vra dat diegene asseblief vir Sive kan laat weet sodat ons op hoogte kan bly met die hoeveelhede (en dankie vir julle vrygewigheid). Produsente word daaraan herinner om asseblief vir sive@citrusacademy.org.za te kontak indien hulle 'n skenking vir hierdie inisiatief wil maak.

DIENSVERSKAFFER-DATABASIS

Die Citrus Academy versamel inligting oor leerverskaffers wat aktief in sitrusproduksiestreek is, as 'n toeganklike verwysingsbron vir werkgewers in die bedryf. Om te sien wie opleiding in jou area doen, besoek gerus die Citrus Academy se webwerf https://citrusacademy.org.za/service-provider-registration-submission/

COMRADES MARATHON: DIE RESULTATE (FINAAL)

Nóg mal Comrades-hardlopers het hulself hierdie week bekend gemaak. Die PPECB het twee hardlopers in 2023 gehad – Zaheer Hoosen het sy sesde wedloop voltooi, terwyl Thabile Langa sy vyfde voltooi het. Hulle sluit aan by PPECB se Comrades-veteraan, Vijan Chetty, wat 13 wedlope voltooi het. FPEF se voorsitter, Mark Jensen, het gedurende die '90s twee wedlope gehardloop, terwyl die CGA se Hoedspruit direkteur, Tommie Landman, twee terug in '89 en '92 voltooi het. Kenny Beeton, ook van die uitvoersektor, het twee in 2009 en 2010 gehardloop. Dankie vir al die inligting, en welgedaan op die hardloop van die grootste wedloop vir 'n mens op aarde.

GEPAK EN VERSKEEP

Die Junie Sitrusbemarkingsforum (CMF) het meer as 80 deelnemers gelok en was goed bestuur tot onder 'n uur, onder die bekwame voorsitterskap van Paul Hardman. Portia, bygestaan deur van die lede van die Variëteitsfokusgroepe, het 'n goeie oorsig van die seisoen tot op hede gegee. Werner van Rooyen (FPEF) en Gary Britz het oor die markte terugvoer gegee. Van besondere belang, was die vermindering van die voorspelde oes van verskeie Variëteitsfokusgroepe. Suurlemoen Fokusgroeplede noem dat klimaatstoestande die verwagte volume met 1.6 miljoen kartonne kan beïnvloed en verminder – láát reën in die noorde het vroeë verskeping en vrugtedaling beïnvloed; reën in die Oos- en Wes-Kaap het verpakkingskeuses tussen suurlemoene, lemoene en mandaryne beïnvloed, terwyl vertraagde kleurontwikkeling ook 'n impak gehad het. Boonop het baie produsente nie "bookend"-tellings of klas twee verpak nie. Verhoogde vragtariewe hou ook 'n rem op uitvoere.
Die Valencia Fokusgroep het hulle voorspelling met 1.4 miljoen kartonne verminder; nawels met 500 000 kartonne, en pomelo (reeds op 'n lae vlak) met 100 000 kartonne verminder. Mandaryne het 'n klein toename van 200 000 kartonne gehad.
Omsigtigheid moet geneem word wanneer 2023 met die 2022-seisoen vergelyk word (dit is eintlik beter om 2021 vir vergelyking te gebruik). Baie faktore het tot 'n uiters stadige begin van die seisoen in 2022 gelei – vloede in Durban het die hawe gesluit, die Russiese inval in die Oekraïne het onsekerheid versprei, en arbeidstakings het verpakking in die Oos-Kaap opgehou. Die afname in die voorspelde oes bring die totaal tot 'n laer vlak as wat in 2022 behaal is.

Einde van Week 25 Miljoen 15 Kg Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Aanvanklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak
BRON: PPECB/AGRIHUB	2021	2022	2023	2022	2023	2023	2023	2022
Pomelo's	15.9 m	13.6 m	11.2 m	10.8 m	9.1 m	14.4 m	14.3 m	16.7 m
Mandaryne	13.6 m	12.8 m	15.5 m	9.5 m	11.9 m	34.1 m	34.3 m	31.8 m
Suurlemoene	19.0 m	20.5 m	23.8 m	17.4 m	19.7 m	37.3 m	35.7 m	34.7 m
Nawels	14.7 m	12.7 m	11.6 m	7.2 m	7.2 m	25.3 m	24.8 m	27.8 m
Valencias	4.6 m	3.2 m	3.7 m	1.0 m	1.5 m	54.5 m	53.1 m	53.8 m
Totaal	**67.8 m**	**62.8 m**	**65.8 m**	**45.9 m**	**49.4 m**	**165.6 m**	**162.2 m**	**164.8 m**

THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE SOUTHERN AFRICAN CITRUS GROWERS'